# BYLAE 2

## FITOSANITêRE VEREISTES

[Artikel 11.1(b)(iii); 11.3(a); 12(b)]

## 1. Vestigingsvereistes

Die plantmateriaal wat op 'n eenheid gevestig word, en die plante daarvan verkry, moet te alle tye gedurende die termyn van registrasie van so 'n eenheid, aan die volgende vereistes voldoen:

### 1.1 Onderstokke

Plantmateriaal en plante van onderstokvariëteite moet -

1.1.1 vry wees van die volgende virussiekte en fitoplasma:

Wingerdnetelblaar
Astervergeling;
*[Subparagraaf 1.1.1 gewysig deur R. 227 van 19 Maart 2021]*

1.1.2 aan die vereistes soos deur die gesag bepaal, voldoen vir sover dit die voorkoms van die volgende virussiektes betref:

Wingerdvlek
Wingerdrolblaar
Wingerdskurfbas
Wingerdgleufstam
Shiraz-siekte;

1.1.3 visueel vry wees van die volgende bakteriese siektes:

*Agrobacterium vitis* (Kroongal)
*Xylophilus ampelinus* (Vlamsiekte); en

1.1.4 visueel vry wees van die volgende swamme en swamsiektes:

*Pythium* spp.
*Phytophthora* spp.

### 1.2 Bostokke

Plantmateriaal en plante van bostokvariëteite moet -

1.2.1 vry wees van die volgende virussiekte en fitoplasma:

Wingerdnetelblaar

Astervergeling;
*[Subparagraaf 1.2.1 gewysig deur R. 227 van 19 Maart 2021]*

1.2.2 aan die vereistes soos deur die gesag bepaal, voldoen vir sover dit die voorkoms van die volgende virussiektes betref:

Wingerdvlek
Wingerdrolblaar
Wingerdskurfbas
Wingerdgleufstam
Shiraz-siekte; en

1.2.3 visueel vry van die volgende patogene wees:

*Agrobacterium vitis* (Kroongal)
*Xylophilus ampelinus* (Vlamsiekte); en

1.2.4 visueel vry wees van die volgende swamme en swamsiektes:

*Pythium* spp.
*Phytophthora* spp.

## 2. Sertifiseringsvereistes

Die plantmateriaal verkry van plante wat op 'n eenheid verbou word, moet ten tyde van die aanbieding daarvan vir sertifisering aan die volgende vereistes voldoen:

### 2.1 Onderstokke

Plantmateriaal van onderstokvariëteite moet -

2.1.1 vry wees van die volgende virussiekte en fitoplasma:

Wingerdnetelblaar
Astervergeling;
*[Subparagraaf 2.1.1 gewysig deur R. 227 van 19 Maart 2021]*

2.1.2 aan die vereistes soos deur die gesag bepaal, voldoen vir sover dit die voorkoms van die volgende virussiektes betref:

Wingerdvlek
Wingerdrolblaar
Wingerdskurfbas
Wingergleufstam
Shiraz-siekte;

2.1.3 visueel vry wees van die volgende insekte en myte:

*Aonidiella aurantii* (Rooidopluis)
*Daktulosphaura vitifoliae* (Filloksera)
*Margarodes* spp
*Meloidogyne* spp
*Pseudococcus longispinus* (Wingerd langstert witluise)
*Planococcus ficus* (Wingerd witluise)
*Quadraspidiotus pernicious* (Verderflike dopluis)
*Tetranychus urticae* (Tweekolspinmyt);

2.1.4 visueel vry wees van die volgende bakteriese siektes:

*Agrobacterium vitis* (Kroongal)
*Xylophilus ampelinus* (Vlamsiekte); en

2.1.5 visueel vry wees van die volgende swamme en swamsiektes:

*Pythium* spp.
*Phytophthora* spp.

2.2 **Bostokke**

Plantmateriaal van bostokvariëteite moet -

2.2.1 vry wees van die volgende virussiekte en fitoplasma:

Wingerdnetelblaar
Astervergeling;
*[Subparagraaf 2.2.1 gewysig deur R. 227 van 19 Maart 2021]*

2.2.2 aan die vereistes soos deur die gesag bepaal, voldoen vir sover dit die voorkoms van die volgende virussiektes betref:

Wingerdvlek
Wingerdrolblaar
Wingerdskurfbas
Wingerdgleufstam
Shiraz-siekte;

2.2.3 visueel vry wees van die volgende insekte en myte:

*Aonidiella aurantii* (Rooidopluis)
*Planococcus ficus* (Wingerd witluise)
*Quadraspidiotus pernicious* (Verderflike dopluis)
*Tetranychus urticae* (Tweekolspinmyt);
*[Subparagraaf 2.2.3 gewysig deur R. 227 van 19 Maart 2021]*

2.2.4 visueel vry wees van die volgende bakteriese siektes:

*Agrobacterium vitis* (Kroongal)
*Xylophilus ampelinus* (Vlamsiekte); en

2.2.5 visueel vry wees van die volgende swamme en swamsiektes:

*Pythium* spp.
*Phytophthora* spp.